Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 23 – JULIE 2018

Geagte ouers

PERSONEEL
Baie geluk aan Me. Mathilda Bornman en Mnr. Raymond Piek wat op 23 Julie verjaar het en Me. Elena Scoltz wat op 26 Julie verjaar. Juffrou Marianne Malan gaan in vir 'n knieg operasie en ons wens haar alle sterkte toe, Juffrou Carla Roux sal in haar plek waarneem.

LEED
Megan Vorster se pappa is oorlede gedurende die vakansie. Ons innige meegevoel met die familie. Mag die Here julle vertroos gedurende hierdie hartseer tyd.

DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2018

25 Julie	Elevate opvolg kursus Gr 4 in skooltyd gratis **17:30 – 19:00 Oueraand (Gr 6 + 7)** Redenaars: Oppitong Kunswedstryd: Engelse voordrag by Generaal Nic Smit Krieket teen Voorpos (O/9 A tuis) en O/9 B teen Soshanguve weg
26 Julie	Redenaars: Oppitong Kunswedstryd: Engelse voordrag by Generaal Nic Smit Eisteddfod: Kunswerk Krieket teen Voorpos: O/10 A (weg); O/11 A (tuis)
27 Julie	Leierkaskar: TUKS **Leerstof uit** Landloop: Liga 2 Laerskool Boerefort 13:00: Konsert oefening: Toneel 1 + 2 Redenaars: Oppitong Kunswedstryd: Engelse voordrag by Generaal Nic Smit; Kreatiewe Skryf Krieket teen Garsfontein: O/10 B (tuis)
28 Julie	Mini Hokkie O/9 by Rietondale Hokkie Liga O/10 – O/13 teen Eduplex by Eduplex Kunswedstryd: Engelse voordrag Generaal Nic Smit Jukskei Ontwikkelingskliniek – 18de Laan Juksei veld
30 Julie	Top 10 Akademies aankondiging Kunswedstryd: Engelse voordrag Generaal Nic Smit Krieket teen Rooihuiskraal: O/13 B (tuis)
31 Julie	Sagtebal teen Rachel de Beer (Weg) Kunswedstryd: Engelse voordrag by Generaal Nic Smit Krieket teen Die Poort: O/13 A (weg); O/12 A (tuis)
1 Augustus	Hokkie Liga O/10 – O/13 teen Mayville by Rietondale Krieket teen Die Poort: O/9 A (weg) + O/9 B (tuis) Kunswedstryd: Engelse voordrag Generaal Nic Smit Hokkie teen Mayville by TUT
2 Augustus	Sagtebal teen Homespun (Weg) Krieket teen Die Poort: O/10 A (tuis); O/11 A (weg)
3 Augustus	11:00: Distrik Spelling Bee Gr 4 – 6 by Danie Malan Landloop liga 3 by Vissershoek

	13:00: Konsert hoofkarakters: Toneel 3 + 4 Krieket teen Midstream O/11 B (tuis); O/10 B (weg)
4 Augustus	T-Ball by Hermanstad Mini Hokkie O/7 en O/8 by Rietondale Jukskei vriendskaplik
6 Augustus	Krieket teen Saamspan: O/13 B (weg)
7 Augustus	Kunswedstryd voordrag begin Sagtebal teen Lindopark (Weg) Krieket teen Curro Hazeldean: O/13 A (tuis); O/12 A (weg) Kleurfees R20
8 Augustus	Krieket teen Curro Hazeldean: O/9 A (tuis) + O/9 B (weg)
9 Augustus	**Vakansiedag - Vrouedag**
10 Augustus	**Skool Vakansiedag**
13 Augustus	Krieket teen Midstream: O/13 B (weg)
14 Augustus	**Toetsreeks begin** **Toets: NW/Tegnologie Graad 4 - 7 en NW Graad 7** Krieket teen Mayville: O/13 A (tuis); O/12 A (weg) Sagtebal teen Uniefees (Tuis) Hokkie Liga O/10 – O/13 teen Bakenkop by Hoërskool Eldoraigne (Astro)
15 Augustus	Krieket teen Mayville: O/9 A (tuis); O/9 B teen Doringkloof (velde sal nog bevestig word) Konsertkaartjies te koop teen R50 per kaartjie
16 Augustus	**Toets: EBW (Graad 7)** Krieket teen Mayville: O/10 A (weg); O/11 A (tuis) Sagtebal teen Sonitus (Weg)
17 Augustus	Landloop: Liga 4 13:00: Konsert hoofkarakters: Toneel 7 + 8 Krieket teen Constantiapark: O/11B (weg); O/10B teen Elarduspark
18 Augustus	T-Ball by Danie Malan Mini Hokkie O/7, O/8 en O/9 by Eduplex Jukskei: Liga 1 AGN Landloop kampioenskappe
21 Augustus	**Toets: Geskiedenis** Sagtebal teen Generaal Beyers (tuis)
22 Augustus	Hokkie Liga O/10 – O/13 by Rietondale teen Curro Thatchfield
23 Augustus	**Toets: Afrikaans** Sagtebal teen Rietfontein-Noord (tuis)
24 Augustus	13:00: Konsert hoofkarakters - Toneel 1 - 4
25 Augustus	Mini Hokkie O/9 by Rietondale Jukskei Liga 2
27 Augustus	Krieket teen Monumentpark: O/13 B (tuis)
28 Augustus	**Toets: Geografie** Krieket teen Pretoria Oos: O/13 A (weg); O/12 A (tuis) Sagtebal - Broederstroom (Tuis)
29 Augustus	Krieket teen Pretoria Oos: O/9 A (weg); O/9 B (tuis) Hokkie Liga O/10 – O/13 teen du Preez van Wyk (weg)
30 Augustus	**Toets: Tegnologie (Graad 7)** Krieket teen Pretoria Oos: 0/10 A (tuis); O/11 A (weg) Sagtebal teen Magalieskruin/Tuine (tuis) Hokkie Liga O/10 – O/13 teen Du Preez van Wyk by Du Preez van Wyk
31 Augustus	Leierspanbou 13:00: Konsertoefening: Toneel 5 – 8 Krieket teen Pretoria Oos: O/11 B (tuis); O/10 B (weg)
1 September	Jukskei: Liga 3 T-Ball by Villieria Mini Hokkie O/7, O/8 @ Rietondale
3 September	Sagtebal: Distriksproewe O/13 Seuns (Generaal Beyers) Krieket teen Theresapark: O/11B (weg)
4 September	**Toets: Engels** Distriksproewe O/13 Dogters (Danie Malan) Wetenskap ekspo uitdunne: Gr. 1 - 3
5 September	Hokkie Liga O/10 – O/13 by Rietondale teen Glenstantia Krieket teen Tuine: O/9A (tuis); O/9B (weg) Wetenskap ekspo uitdunne: Gr. 4 - 7
6 September	**Toets: Wiskunde**

	Sagtebal teen Generaal Hendrik Schoeman (Weg) Krieket teen Tuine: O/10A (weg); O/11A (tuis)
7 September	Krieket teen Hennopspark: O/11B (weg); O/10B teen Midstream (tuis) Kleurfees R20
8 September	Mini Hokkie O/7, O/8 en O/9 by Constantiapark Jukskei: Keuring van Juniors Landloop SA's in PE
10 September	Krieket teen Elarduspark: O/13 B (weg) Graad 5 Diensraad en skolierpatrollie aansoeke uit vir 2019.
11 September	Wetenskap ekspo Gala aand (Gr 1 – 3) Krieket teen Elarduspark: O/13 A (weg); O/12A (tuis)
12 September	Wetenskap ekspo Gala aand (Gr 4 – 7) Krieket teen Elarduspark: O/9A (weg); O/9B (tuis) Konsert foto's word geneem in skooltyd (kleedrepetisie)
13 September	Konsert DVD opname in skooltyd (kleedrepetisie) Krieket teen Elarduspark: O/10A (tuis); O/11A (weg) Tshwane uitspeelwedstryde (Sonitus/Crafford)
14 September	Krieket teen Elarduspark: O/11B (tuis); O/10 B (weg) Konsert in skooltyd – ouma en oupadag
15 September	Mini Hokkie O/7, O/8 en O/9 by Curro Thatchfield
17 September	18:30: Konsert Blouboekies terug Graad 6 leerders ontvang aansoeke vir leerderraad vir 2019 Graad 5 Diensraad en Skolierpatrollie aansoeke terug
18 September	18:30: Konsert
19 September	18:30: Konsert
20 September	18:30: Konsert Sagtebal Tshwane Kwarteindwedstryde (Sonitus/Crafford)
21 September	Leierspanbou
24 September	**ERFENISDAG**
25 September	Uitstappies: Gr. 2 – 6 Rapporte Graad R - 3
26 September	Graad R – 3 Oueraand: 17:30 – 18:30 Graad 6 leerderraad aansoeke terug.
27 September	Sagtebal Tshwane Semi-finaal (Sonitus/Crafford) **Markdag: Gr 7** Huissport: Gr R – Gr 6
28 September	**11:00: SKOOL SLUIT** **R5 vir behoeftige fonds** Waterkaskenades R80 Hoofseun en hoofdogter van 2019 aankondig SA skole landloopkampioenskappe 28 en 29 September in Bloemfontein.

KONSTRUKSIE – KANTOOR:
Die veranderings aan die kantoorblok is goed op dreef. Ons is jammer vir die ongerief wat dit veroorsaak. U begrip in die verband word waardeer.

AKADEMIE GRAAD 4-6:

Neem asseblief kennis dat alle formele assessering van Kwartaal 1 – 3 presies dieselfde gewigswaarde dra as 'n formele toets. Daarom is dit belangrik dat u as ouer u vergewis wat op die assesseringsplan aangedui is vir Kwartaal 3 (reeds in leerders se skrifte geplak). Leerders sal verwittig word wanneer die formele assessering geskryf word (alhoewel dit op kort kennisgewing kan geskied). Die bladsye van die handboek van die bepaalde assessering is op die assesseringsplan aangedui. Hiermee rig ons weer 'n versoek vir ouerbetrokkenheid, sover moontlik asseblief.

LANDLOOP
Ons atlete het op Vrydag 20 Julie by Laerskool Eduplex deelgeneem. Die volgende atlete het puik presteer.

1. Lenei Conradie O/8 30ste
2. Christiaan Brits O8 12de
3. Kaylen Niemann O/10 2de

4.	Altje Conradie	O/11	3de
5.	Ashlee Jordaan	O/11	11de
6.	Ettiene Engelbrecht	O/11	26ste
7.	Hendrew Schoeman	O/11	21ste
8.	Junior Bokwa	O/11	1ste
9.	Zelda Niemand	O/12	25ste
10.	Stephan Steyn	O/12	11de
11.	Nelmari Driescher	O/13	30ste
12.	Carel Greyling	O/13	27ste
13.	Jayden Niemann	O/13	29ste

Baie geluk. Ons is trots op julle!
Ons neem eerskomende Vrydag, 27 Julie by Laerskool Boerefort deel. Sterkte aan al ons atlete wat daar gaan deelneem!

INSAKE: REKENAARSENTRUM EKSTRA KLAS:
Indien U kind ekstra hulp benodig met Perseptuele vaardighede, Spelling, Wiskunde, Lees en Taalvaardigheid moet U definitief die opsie oorweeg. Die ekstra klasse word op Woensdae aangebied vir Gr.R - GR.7. Die sessies is tussen 14:15 – 15:15 en vind in die Rekenaarsentrum plaas. U moet vooruit vir die lesse betaal om teleurstelling te voorkom. U kan die betaling per EFT aan die skool maak met U kind se unike kode en die woord Cairoo. Die kostes vir Augustus verloop R500 en vir September R400. U is ook welkom om my by die skool te skakel of te e-pos by shaun.pieterse@yahoo.com.

EK HET KARAKTER
Baie geluk aan die volgende leerders wie se waarde rytjies almal vol is:
Aiden Meyer, Jean-Pierre van der Westhuizen, Liné van Zyl, Michael de Villiers, Janiqa Venter, Jayden de Villiers, Megan du Preez, Liela van der Westhuizen, Heinrich van den Heever, Heino van Niekerk, Jayden Neetlhling, Denicia Wagenaar, Juan Fourie, Dejan Kilian, Angelique Field, Malisha Scholtz, Gideon van Vuuren, Hané Jansen van Rensburg, Jessica Serwa, Estiaan van den Heever en Chanzell van Rooyen.
Hul dra ŉ kenteken daarvoor met die woorde “Ek het karakter”.
Hierdie is ŉ besondere prestasie. Geluk aan die leerders en sterkte met jul volgende waarde rytjies wat jul nou gaan volmaak. Sterkte ook aan al die kinders wat hard werk vir hul waarde-plakkers.

KFC MINI-KRIEKET
Oefening vind plaas, Maandae en Woensdae aande vanaf 18:00 - 19:00. Vir verdere inligting kontak asseblief vir Michelle by 060 846 8313.

GRAAD 6 OPVOEDKUNDIGE TOER 2018
22 Okt – 26 Okt 2018
R1 600 per leerder
Dit is `n groot voorreg vandag om skooltoere te kan bywoon. Die lewe het so duur geword dat dit nie altyd vir ouers moontlik is om hul kinders op uitstappies / vakansies te neem nie. By Sediba Kwele kry leerders die geleentheid om saam hul portuurgroep vet pret aktiwiteite te doen, soos spanbou, hindernisbaan, vlot bou, “cable tango”, “Gladiator” uitdaging, stap na boskamp, vuurkonsert en vele meer.
Die lodge se fasiliteite is van uitstaande gehalte. Gaan besoek gerus hul webtuiste. www.sedibakwele.co.za
Die volle bedrag moet op 1 Oktober 2018 betaal wees. U kan die bedrag afbetaal of die volle bedrag voor 1 Oktober. Geen betalings na 1 Oktober sal aanvaar word nie – tref dus vroegtydig die nodige reëlings. `n Duidelike verwysing is baie belangrik met elke inbetaling. Bv. JBotha6/D6toer of familiekode en toer.

BROODSAKKIE-KNIPPIE-PROJEK
Vir elke 200 broodsakkies vol knippies wat ingesamel word kan 1 rolstoel aan ŉ minder bevoorregte kind geskenk word. Ons wil u dus aanmoedig om nie die knippies weg te gooi nie, maar na kamer B1 te stuur.

OU SKOOLDRAG SKENK
Die klerebank is dringend opsoek na skoolskoene vir behoeftige leerders. Groottes 1, 2, 3 en 4 asseblief. Onthou asseblief om ou skooldrag wat nog in ‘n goeie toestand is en skoon is aan die klerebank te skenk. Ons benodig ook Atletiekdrag en Vrydagdrag hempies en broekies.

OU LEGO’S SKENK
Indien daar dalk iemand is wat ou Lego’s (stelle of stukkies) wil skenk sal dit baie waardeer word. Ons Speltarepeute wil dit graag gebruik in terapie.

BROODJIEHUIS
Ons benodig dringend pap, melk, suiker en margarien vir die broodjiehuis. Ons voorsien die behoeftige leerders van pap in die oggende. Indien ouers ons kan help sal dit opreg waardeer word. Items kan by die kantoor

ingehandig word. Indien u broodjies vir pouses kan maak kontak asseblief vir Altje Conradie by 082 372 7093. ’n Ouer kry slegs een maal per maand die geleentheid om broodjies te maak. U is ook welkom om ’n kontant skenking te maak vir ons behoeftige fonds. U kan ’n EFT betaling maak met die verwysing “Broodjieprojek”.

KLEREBANK TYE

Die klerebank sal oop wees op Dinsdae en Donderdae vanaf 06h45 tot 07h00 en dan weer 14h00 tot 14h15. Ons wil ouers asseblief vriendelik versoek om asseblief by hierdie tye te hou.

ONBEKENDE DEPOSITO’S

Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-03-26	1781 school fund	R1 000.00
2018-04-30	SCHO 02	R100.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode ’n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en ’n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOPOEFENING

Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis landloopoefening by Hillside Golfbaan van 16:50 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting.

DATUM		BYEENKOMS	PLEK
27 Julie	Vry	Liga 2	Boerefort Laerskool
03 Augustus	Vry	Liga 3	Vissershoek Laerskool
18 Augustus	SAT	AGN Championships	Sutherland/Eldoriagne Hoërskool
8 September	SAT	**SA Cross Country Championships**	**Port Elizabeth, NM Universiteit**

Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 ’n gratis “Parkrun” van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir ’n “Parkrun” en neem u hele gesin vir so ’n uitstappie op ’n Saterdag.

GEDENKMUUR:

Die leerlinge in Graad 7, kan R140 kan betaal om hul naam op die **Gedenkmuur** aan te bring. Leerlinge wat op rade dien, se betrokke raad sal ook daarop aangedui word. Die Graad 7’s van 2018 se gedenksteen, met hul name op gegraveer sal met die Graad 7 afskeids-erediens onthul word. Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Sluitingsdatum is einde Augustus 2018.

FOTOBOEK GRAAD 7

Ons is besig om ‘n Graad 7 Fotoboek van 100 bladsye saam te stel. Die boek gaan net Graad 7 foto’s van die jaar bevat en gaan volkleur wees. Die koste per boek is R320.00 vir ’n hardeband. Ons beveel aan dat u eerder ’n hardeband koop. Voorbeelde kan besigtig word by die kantoor. **Indien u ’n elektroniese betaling doen moet u, u familiekode en fotoboek as verwysing gebruik. Indien u dit nie doen nie gaan u betaling nie na die korrekte begrotingsrekening geplaas word. Dring ook aan op ‘n kwitansie en hou asb. tot u die fotoboek ontvang het.** U kan bestellings by u klasvoog plaas. Die laaste dag vir betalings is 30 November. Die volgende foto’s gaan in die boek verskyn:

- Klasfoto’s en enkelfoto’s van elke graad 7 leerder en klas.
- Waatlemoenfees, Waterkaskenades, Sokkies, Gedenkmuur, Merietefunksie, Kleurfees ens.
- Atletiek, Netbal, Krieket, Tennis, Sagtebal, Koor, Konsert, Sokker, Skaak ens.
- Groepfoto’s van sport en kultuur.

NASKOOL

Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR

Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met ’n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

GEBEDSGROEP

Ons mammas bid elke Woensdag oggend by Danie Malan vir verskeie sake, onder andere vir u kind in Danie Malan. Daar is baie krag in gebed, daarom vra ons kom bid asseblief saam met ons vanaf 07h00 tot 08h00. Vir enige navrae skakel gerus vir Liza by 073 310 1074.

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof